# Suid-Afrikaanse Stoeifederasie
# South-African Wrestling Federation

# ADMINRAAD

Sel: 0823437800
Faks: 017 6324686
E-pos: sawrestl@mweb.co.za

Posbus 364
Evander - 2280
22 Februarie 2009

SA ADMIN OMSENDSKRYWE 2/2009

AAN: ALLE STOEIVERENINGS PRESIDENTE/SEKRETARISSE
ALLE STOEIVERENIGINGS ADMIN RADE

Hiermee 'n paar belangrike punte. Ons vra dat Stoeiverenigings asb die inligting deurgee aan al hulle Klubs.

1. 'n Admin Beampte is alleenlik geregistreer indien sy/haar volledig ingevulde Aansoekvorm ingestuur is; sy/haar Admin boekie ingehandig is en bewys van betaling van registrasiegeld ontvang is.

2. Daar sal 'n tweede en laaste Admin Kursus vir 2009 aangebied word op Saterdag 14 Maart 2009 by die NG-Saal. Dit sal saamval met die Limpopo Ope Kampioenskappe. Kursus sal aangebied word deur Festa de Beer en Corrie Muller. Registasie om 08H30 en Kursus begin om 09H00. Kursusgeld is R85:00 saam met die Admin Handleiding. Sonder die Admin Handleiding R35:00. Geen verversings sal verskaf word nie. Laat weet asb vir Festa de Beer voor of **op die laatste op Maandag 09 Maart 2009 wie die Kursus gaan bywoon, asook hoeveel Admin Handleidings benodig word.** Onthou asb dat daar betaal moet word vir al die name wat deurgegee word, al daag die persoon/persone nie op die.
Indien daar Stoeiverenigings is wat nog ekstra Admin Handleidings wil bestel teen R50:00 per Handleding, laat weet asb vir Lollie vd Berg. Ekstra Admin Handleidings wat bestel word kan tydens die Limpopo Ope Kmp by Lollie afgehaal word.
Festa de Beer se kontak besonderhede: Sel 0842990772 en e-pos festad@discovery.co.za
**NB: Onthou asb alle P-A en hoër gegradeerde Admin Beamptes moet 'n Admin Kursus gedurende 2009 bygewoon het om tydens 'n SA Kampioenskap te kan optree.**

3. **KLEREDRAG TYDENS SA BYEENKOMSTE:**

Kleredrag vir alle Admin Beamptes wat optree tydens 'n SA Byeenkoms is as volg: 'n Wit; navy; grys of swart bloes (mans hemp) of 'n kombinasie van enige van die vier kleure. 'n Navy; grys of swart langbroek (dames of romp). Enige gemaklike skoen ( dames sandaal), nie "plakkies" nie.
ID-kaartjie moet tydens alle optredes gedra word. Admin Beamptes wat nog nie 'n ID-kaartjie het nie, moet asb hulle fotos instuur na Lollie sodat die kaartjies gemaak kan word.

4. Daar is nog steeds Admin Beamptes wat nog nie hulle drie datums vir optredes tydens SA Byeenkomste deurgestuur het nie. Die finale SA Admin werks-indeling sal op 16 Maart 2009 aan die Stoeiverenigings uitgestuur word. Admin Beamptes wie se datums dan nog uitstaan-

de is, sal nie ingedeel word nie. Onthou asb dat die SA Streek Kmp nie deel is van die drie datums nie. Die SA Streek Kmp se datum kan wel deurgestuur word sodat ons kan sien wie beskikbaar is vir optrede.

5. **LOTING:**

Elke Admin Beampte het haar/sy eie sisteem waarop sy/hy die loting doen met die doodtrek van verloorders. Solank die persoon die basiese loting reg doen, kan sy/hy hulle eie sisteem uitwerk. **Die belangrikste is egter dat die wedstryd nommers doodgetrek word sowel as die verloorders. In die skeidingsrondte moet net die stoeier doodgetrek word wat in die skeidingsrondte verloor het.**

6. **SA ADMIN WERKS-INDELING:**

Tydens die afgelope SA Admin Raad se vergadering is die kwessie van Admin Beamptes wat ‘n dag of twee voor die SA Kmp laat weet hulle kan nie meer kom werk nie, deeglik bespreek. Die volgende besluit is geneem: Indien ‘n Admin Beampte, wat ingedeel is om te werk tydens ‘n SA Kmp nie binne 7 (sewe) dae voor die SA Byeenkoms laat weet sy/hy is nie meer Beskikbaar nie, sal daar 5 (vyf) punte van haar/sy prakties afgetrek word aan die einde van die jaar. Daar sal wel na uitsonderlike gevalle gekyk word bv in die geval van siekte of dood.

7. Daar is nog steeds Admin Beamptes wat direk skrywes en navrae rig aan die SA Admin Raad Sonder dat die Stoeivereniging of hulle Admin Raad daarvan bewus is.
Alle navrae moet ten alle tye vanaf die Stoeivereniging se President/Sekretaris of Stoeivereniging se Voorsitter/Sekretaris van die Admin Raad gehanteer word.

Indien daar enige onduidelikheid is oor enige aspek van die Admin, rig asb ‘n skrywe aan Manie vd Berg wat aandag aan die saak sal gee.

Vriendelike Stoeigroete.

ME E. (LOLLIE) VAN DEN BERG
SEKRETARESSE SA ADMIN RAAD 2009/10